

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: **ALIWAL-NOORD**..... Sinode: **NG Kerk in Oos-Kaapland**

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

- .. **Kerkraad**
- .. **Wyke**
- .. **Kleingroepe**
- .. **Lidmate: byeenkoms**
- .. **Lidmate: individueel**
- .. Ander:

TOTALE AANTAL LIDMATE: 155 – dit is ongeveer 10% van die totale lidmaattal

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

- .. **Ja**
- .. Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Een persoon het dwars oor die blaadjie geskryf – GAAN VOORT, HERENIG!!!

Kommentaar het gewissel van:

Volledige konsensus met die besluit, tot 'n versigtige aanvaarding van voorstel, met die klem op die gedeelte van die besluit wat lui dat niemand gedwing moet/kan word om Belhar te aanvaar nie. Huiwering was hoofsaaklik rondom die politieke en emosionele agtergrond waarteen Belhar sy ontstaan gehad het.

**Een ouer persoon het die volgende opmerking ook dwars oor die blaadjie geskryf:
"Ek is te oud vir al die vrae – baie oud. Ek gee regtig nie om om langs 'n swart of bruin gelowige te sit nie. Ook nie as een van hulle vir my preek nie, kan ook maar in Engels wees. Die Here het ons almal gemaak en is vir ons almal gekruisig. Die wat hulle sonde bely het, Jesus het [aan hulle] die mag gegee om kinders van God genoem te word. Wie is ek om te oordeel as Jesus vergewe het. Hoop dit antwoord u vraag!"**

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

GEEN

Nuwe/ ander voorstelle?

Benader die proses net met die nodige sensitiwiteit en kommunikeer alles baie duidelik aan die lidmate soos die proses vorder.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Algemene konsensus – met die volgende opmerkings bygevoeg:

- **Wat gaan die verteenwoordiging van elkeen van die vier kerke wees?**
- **Hoe vrywillig, gaan "vrywillig" regtig toegelaat word**
- **Ons wil nie hê dat ons kultuurgroep se manier van aanbidding ingrypend moet verander nie.**

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

GEEN

Nuwe/ ander voorstelle?

GEEN

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Algemene konsensus

Opmerkings:

- **Gesamentlike liturgiese materiaal moet asb kultuurgebruike in ag neem**
- **Kan nog meer gesamentlike gebedsbyeenkomste**
- **Moet saam projekte doen, bv basaars en Pinkster. Dit moet klein begin**

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

GEEN

Nuwe/ ander voorstelle?

GEEN

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Algemene konsensus

- **God se wil moet en sal seëvier. Dit moet bidden aangepak en deurgevoer word. Omsigtigheid van alle kante is noodsaaklik.**
- **Ons moet almal werk aan ons gesindheid**
- **Die kerk kan dit doen, gaan voort met besluit**
- **Moet ophou om te sê ons is jammer. Versoening moet nou plaasvind. Vir almal kans gee.**
- **Hou op terugkyk, almal het seer, hou op om dit te troetel en kyk saam vorentoe.**

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

GEEN

Nuwe/ ander voorstelle?

GEEN

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

HERENIGDE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

(Kry heeltemal iets nuuts wat nie bagasie is wat saamgedra word nie)